Wie is jy?

Wie is jy? Dit is ’n vraag wat gereeld gestel word. As jy nuut is in 'n plek of as jy iemand vir die eerste keer ontmoet. Of jy ken nie die persoon nie. Dan vra jy: Wie is jy? Dan sê jy: ek is so en so en jy noem jou naam.

Maar dit sê nog nie alles nie. Mens wil altyd meer uitvind. Aan die begin van ’n nuwe skooljaar sal die onderwyser byvoorbeeld deur die klaskamer stap en die kinders se name vra. En soms sal hy verder uitvra: ‘is jy dalk die dogter van so en so? Ja nee, ek het so gedink’.

Dit is nie altyd so aangenaam nie, jy wil nie die seun van so en so wees nie. Jy glo dat jy baie anders as jou Pa is. En gewoonlik is dit ook so. Elke mens is weer anders. Maar tog sal jy op ’n dag besef dat dit wel ’n verskil maak wie jou vader of moeder is. Dit sê ook iets oor jouself. Dit is waar jou lewe mos begin het! Dit is die wortel van jou bestaan. Jy is wel die seun van so en so.

Dit wil nie sê dat jy daarom net soos daardie iemand is nie, of dat jy so sal word nie. Nee, dit hang af van die manier waarop jy met jou vader en moeder omgaan. Loop jy op die pad wat hulle jou geleer het of nie? Maak jy jou los van hulle of neem jy van hulle oor wat hulle vir jou gegee het?

Daar is Een wat regtig die Seun van Sy Vader was. En Hy wou ook nooit anders wees as sy Vader nie!

Wie is die mens?

Daar loop ’n man in die tuin. Wie is hy? Sy naam is Adam. Dit sê nog nie so baie nie. Maar wie se seun is hy? Adam is die seun van God, skryf Lukas (3:38). Ja, en dit sê alles! As God jou Vader is, moet almal in jou lewe dit kan agterkom. En dit is wat jy ook werklik aan Adam kon sien. Hy het met sy Vader in die tuin gewandel. Die deur het altyd oopgestaan. In die aandkoelte het God na die tuin toe gekom. En Hy het met sy kind gewandel. Hulle was gelukkig saam. Vader en kind.

Maar dan op 'n sekere dag dink die seun: ek wil nie meer die “seun-van” wees nie. Ek wil nou ’n slag my eie gang gaan. En hy het die deur toegeslaan. Maar wat gebeur as jy by jou vader weggaan? Vra bietjie vir die verlore seun (Lukas 15:11 e.v.). Dit lyk aanloklik: jou eie gang gaan. Maar daar kom ’n oomblik dat jy besef dat jy alleen is. Ontwortel en vervreem van my vader se huis. Wat gebeur met so ’n kind? Daardie kind raak net al hoe meer in die moeilikheid.

Ja, daar loop ’n mens in hierdie wêreld. Wie is hy? Sy naam is mens. Maar dit sê nog nie baie nie. Want wat is die mens? Wie se seun is hy? Hy weet nie. “Laat my toe om myself te wees” is sy leuse. Maar wat dit beteken weet hy self nie eers nie. Hy ken nie meer die wortel van sy lewe nie. Soms soek hy daarna. Maar eintlik is hy nêrens tuis nie. Vervreemd van sy eie vaderlike huis.

Wie is Jesus?

Daar loop ’n man in Galilea. Wie is Hy? Sy naam is Jesus. Uit Nasaret. Dit sê nog nie baie nie. Kan daar uit Nasaret iets goeds kom? Wie se seun is Hy? Van Josef die timmerman. Sê dit genoeg? Nee, nie eintlik nie. Daardeur ken ek Hom nie beter nie. Maar daar is iets aan hom wat aandag vra. Daar waar Hy gaan verander alles. Daar is dit lig. Daar is vrede. Wie is Hy? Elia miskien? Of Jeremia?

> *‘U is die Christus, die seun van die lewende God’.*

Ja, dit sê alles. Die Seun van God. Dit kom mens van Hom agter. Besig met die dinge van sy Vader. *‘Ek en die Vader is een’. ‘Hy wat my gesien het, het die Vader gesien’.* Wie dit kan sê is waarlik die Seun van God!

'Hy wat My gesien het, het die Vader gesien.' Is dit dan tog moontlik om Vader te sien? Is daar 'n pad terug huis toe? Is daar plek vir verlore seuns en dogters? 'n Plek waar hulle tuis is? Is daar plek vir ontworteldes? 'n Plek waar hulle geplant kan word? Ja, kyk maar. Daar waar Jesus Christus is, daar gebeur dit. Met ontworteldes, verlore seuns en dogters. Hy soek hulle en kry hulle met Vader se liefde. En dan gebeur dit. Die deur wat toe was, gaan oop. En die huis word weer vol.

Daar bly 'n gesin in Nasaret. Dis 'n groot gesin wat in die huis van die timmerman gebly het: Jesus, Jakobus, Joses, Judas, Simon en hulle susters. So verkeer Hy onder sy broers en susters. So naby. Die Eersgeborene. En na Hom al die ander. Hy is nie skaam om hulle sy broeders te noem nie. 'n Broeder onder die broeders. In alles aan hulle gelyk. Maar die moeder van daardie gesin het geweet watter geheim daarin opgesluit is. *'Uit jou sal gebore word Hy wat die Seun van die Allerhoogste genoem word'*. Seun van God. So verhewe!

Soos Hy is, is daar maar EEN.

EEN Seun wat nog altyd by Vader tuis was. Ook voor daardie tuin daar was.

EEN Seun wat aan die boesem van Vader was.

EEN Seun wat altyd alles wil wat die Vader wil.

EEN Seun wat daarom uitgegaan het om verlore seuns op te soek.

EEN Seun wat baie seuns en dogters huis toe bring.

'Wie My gesien het, het die Vader gesien'. Wie dit kan sê is waarlik die Seun van God. Het u Hom gesien? Daar is ook hulle wat Hom nie herken nie. En hulle stap by Hom verby. Nog steeds besig om hulle eie gang te gaan. 'Laat my toe om myself te wees'. Maar wat dit beteken weet jy self nie. Jy ken nie meer die wortel van jou lewe nie. Soms soek jy daarna. Maar eintlik is jy nêrens tuis nie. Van jou vaderlike huis vervreemd.

Mens, wie is jy dan eintlik? Daar kom 'n oomblik dat jy sal besef dat jy alleen is. Werklik jou eie lewe lei is nie moontlik nie. Want die mens wat God gemaak het, is bestem om saam te woon. Saam in Sy huis. Daarom het die Eniggebore Seun gekom. Hy is die deur na die Vader se huis.

Wie is Hy vir jou?

Dit is 'n belangrike vraag. *'Jy, wie sê jy is Ek?'* Wie is Jesus vir jou? Die Seun van die lewende God. Dit sê alles. Alles oor Hom. Maar ook alles oor my. Hy sê dat ek kind van God is. Anders as Hy, inderdaad. Daar is maar Een soos Hy. Daar is baie wat soos ons is. EEN Seun, wat self ook God genoem word. Baie aangenome kinders. As jy wil weet hoe ryk dit is, vra 'n kind wat aangeneem is. Eers ontwortel, sonder vader, sonder moeder, sonder huis, alleen. Maar dan: 'n Vader, liefde, veilig, tuis.

Wie is jy? Wil jy kind van jou Vader wees? Dit sê alles oor jou. Vra maar vir die Seun van God!

CJ de Ruijter

© 2015
www.christelikemedia.org